Ankia en Ilanka de la Rey

Een jaar later

Ankia: gracious; favoured by God Ilanka: light; oak tree

Sondag, 4 November 2007

Om half-vyf die oggend word Ankia en Ilanka met ‘n noodkeiser in Bethlehem MediClinic gebore – 12 weke voor hulle verwagte geboortedatum.

Ilanka weeg slegs 890g en Ankia 1kg. Ankia se longetjies is baie swak.

Die tweeling se toestand is kritiek, maar stabiel. Die eerste 48 uur is krities vir die tweeling se oorlewing.

Maandag, 5 November

24 uur later is daar nog geen verswakking of verbetering in die tweeling se toestand nie. Tanja sien dié middag vir die eerste keer haar babas. Sy en Arno kan hulle nie vashou of aan hulle raak nie.

Psalm 18:2 "Die Here is my rots en my bergvesting en my redder; my God, my rots by wie ek skuil; my skild en die horing van my heil, my rotsvesting."

Woensdag, 7 November

Die eerste kritieke 48 uur is verby. Die tweeling kry hul eerste druppels borsmelk deur ‘n pypie in hul magies.

Albei kry slaapapnee (hulle “vergeet” om asem te haal in hul slaap).

Ilanka word op ‘n CPAP-masjien gesit wat positiewe druk in haar longetjies uitoefen.

Ilanka

Ankia

Psalm 23:4 "Though I walk through the valley of the shadow of death I will fear no evil, For You are with me, Your rod and Your staff they comfort me."

Vrydag, 9 November

Ilanka se gewig val na 760g. Sy absorbeer nie haar kos goed nie.

Die CPAP-masjien word verwyder, en haar ouers sien vir die eerste keer haar gesiggie. Tanja kan haar vir die eerste keer vashou. Vir Ankia kan hulle nog glad nie vashou nie – sy is te swak.

Laataand kry Arno en Tanja die slegte nuus dat Ilanka byna geen van haar melkies absorbeer nie.

Ilanka

Ankia

Saterdag, 10 November

Ná baie gebede is Ilanka se melkabsorpsie baie beter.

Arno hou Ilanka die eerste keer vas. Haar gewig het intussen toegeneem tot 805g.

Maandag, 12 November

Die tweeling se toestand verswak weer.

Ankia se ventilator word van 20% na 60% verhoog. Haar CO_2-vlakke is gevaarlik hoog. Die moontlikheid van bloeding op haar breintjie word ondersoek.

Ilanka kry tot 30 keer per dag apnee en dit raak al moeiliker om haar by te bring. Sy kry ook nou 40% suurstof. Bloedtoetse toon tekens van ‘n infeksie, en die pediater sit haar op ‘n kursus antibiotika.

Jesaja 44:3 "Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge."

Dinsdag, 13 November

Die uitslag van Ankia se breinskandering toon dat sy geen bloeding op die brein het nie. Prys die Here! Sy begin medikasie kry om haar te help om koolsuurgas beter uit te skei.

Ilanka is steeds op suurstof. Albei kry steeds apnee.

Woensdag, 14 November

Ankia se CO_2-vlakke is af na normaal en haar toestand is stabiel.

Ilanka kry steeds baie apnee. Haar infeksietelling is drasties af.

Albei begin premature dummies suig

Donderdag, 15 November

Ankia se toestand verswak skielik. Haar CO_2-vlakke skiet weer die hoogte in en die pediater weet nie wat dit veroorsaak nie. Sy kry ook baie apnee, ten spyte daarvan dat sy op ‘n respirator is. Albei absorbeer hulle melk baie swak. Hulle is steeds kritiek.

Ankia

Ilanka

Vrydag, 16 November

Ankia reageer goed op haar medikasie en haar CO_2-vlakke daal baie. Haar nierfunksie is egter effens sleg agv die medisyne.
Ilanka kry steeds baie apnee. Sy kry ook nou bradicardi (haar hartkloppie daal gevaarlik laag). Een keer hou haar hartjie heeltemal op klop.

Zech 2:5 "For I will be to her a wall of fire round about, says the Lord, and I will be the glory within her."

Saterdag, 17 November

Die tweeling beleef ‘n groot terugslag. Ilanka se apnee is nou baie ernstig. Sy reageer baie sleg op stimulasie om haar weer te laat asemhaal. Haar hartkloppie daal gereeld gvaarlik laag. Albei dogtertjies is baie swak en moeg.

Sondag, 18 November

Dit gaan baie sleg met Ilanka, met gereelde voorvalle van apnee en bradicardi. In 18 uur het sy 123 voorvalle van apnee (een keer elke 9 minute). Haar hartkloppie daal soms so laag soos 12 slae per minuut. Sy reageer nie goed op stimulasie nie.

Arno en Tanja ontvang verskeie profesieë oor ‘n keerpunt in die tweeling se situasie.

Later die dag kry die pediater ‘n ingewing om iets anders te probeer. Hy gebruik ‘n suiertjie om slym uit Ilanka se keel te ver-wyder. Dis baie suksesvol. Haar asemha-ling en hartkloppie verbeter onmiddellik. Die uitslag van toetse toon dat albei se infeksie-tellings normaal is en dat hul niere, breintjies en longe geen abnormaliteite toon nie.

Vrydag, 23 November 2007

Ankia weeg reeds 1.045kg en kry 22ml melk elke 3 uur.
Ilanka weeg 960g; sy kry 20ml melk elke 3 uur. Haar asemhaling en hartkloppie verswak weer, en sy word baie moeg as gevolg daarvan dat sy nooit vir lang rukke aanmekaar kan slaap nie – sy word aanhoudend wakker gemaak. Haar liggaampie baklei baie hard.

Vrydag, 30 November 2007

Albei dogtertjies sukkel toenemend met apnee en bradicardi. Hulle toestand word as ernstig beskou. Geen aanraking word toegelaat nie en die pediater begin met nuwe medikasie.

Deuteronomy 30:19 I have set before you life and death, blessing and cursing; therefore choose life, that both you and your descendants may live.

Dinsdag, 4 Desember

Die tweeling is 1 maand oud! Dit gaan al beter. Hulle lyk gesond en tel goed gewig op. Waar hulle velletjies aanvanklik deurskynend was, word dit nou al pienker. Hulle reageer goed op nuwe medikasie vir bradicardi en apnee. Albei is op CPAP-masjiene.

Op 6 Desember hou Tanja die heel eerste keer vir Ankia vas.

Vrydag, 7 Desember

Ankia weeg 1.26kg en Ilanka 1.185kg. Albei is van die CPAP-masjiene af en kry net 30% suurstof. Arno en Tanja kry beurte om die tweeling se doekies om te ruil en hulle vas te hou.

Woensdag, 12 Desember

Oogtoetse word gedoen om vas te stel of die dogtertjies ‘n oogtoestand het wat dikwels by premature babas gevind word. Beide kleingoed toon ‘n geringe graad van die toestand.

Dis die groot dag! Die tweeling word na 38 dae in Bethlehem per ligte vliegtuig oorgeplaas Potchefstroom MediClinic toe. Alles verloop baie goed. Arno en Tanja is uiteindelik weer by die huis.

Woensdag, 19 Desember

Dit gaan goed in Potchefstroom. Ankia weeg 1.48kg; Ilanka 1.42kg. Albei is van suurstof af en kry slegs geringe apnee.

Woensdag, 26 Desember

Tanja borsvoed vir die eerste keer haar babas. Dit gaan bo verwagting goed – dit gebeur selde dat premature babas wat so lank in die hospitaal was, dié vaardigheid bemeester! Aanvanklik verloor die tweeling gewig, maar hulle stabiliseer binne ‘n week.

Matthew 21:22 "And all things whatsoever ye shall ask in prayer, believing, ye shall receive."

Romeine 5:3-4 "Ons jubel selfs in ons swaarkry, want ons besef dat die swaarkry ons leer om te volhard."

Heb 13:5 “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie”

Maandag, 7 Januarie 2008

‘n Tweede oogtoets toon ‘n verbetering in albei dogtertjies se ogies.

Ná twee maande en drie dae in neonatale intensiewe sorg word Ankia en Ilanka ontslaan. Albei weeg tussen 1.8 en 1.9 kg.

Maandag, 14 Januarie

Die tweeling bae vir die eerste keer by die huis.

Donderdag, 24 Januarie

Dit gaan goed met die twee De la Rey’tjies by die huis! Hulle hou hul ouers lekker wakker soos dit “pasgebore” babas betaam. Albei weeg 2.6kg.

Februarie 2008

Die tweeling is 3 maande oud.

Deuteronomium 28:8 "God sal sy goeie skatkamer, die hemel, vir julle oopmaak."

Maart 2008

Die tweeling is 4 maande oud.
Albei dogtertjies rol die eerste keer self om.

Ankia links, Ilanka regs

Ilanka links, Ankia regs

April 2008

Die tweeling is 5 maande oud.
Hulle gaan vir hul eerste fotosessie
en hul eerste seevakansie!

Ilanka links, Ankia regs

Ilanka links, Ankia regs,
saam met ouma Mia

Ilanka by pappa Arno,
Ankia by mamma Tanja

Romans 15:13 "May the God of hope fill you with all joy and peace as you trust in Him,so that you may overflow with hope by the power of the Holy Spirit."

Mei 2008

Die tweeling is 6 maande oud.
Pa Arno en ma Tanja ontvang hul PhD-grade ná jare van swoeg en sweet.

Ilanka links, Ankia regs

Ilanka links, Ankia regs

Junie 2008

Die tweeling is 7 maande oud.
Albei eet vir die eerste keer
vaste kos.

Julie 2008

Die tweeling is 8 maande oud.
Albei sit die eerste keer self regop.

Augustus 2008

Die tweeling is 9 maande oud!

September 2008

Die tweeling is 10 maande oud.
Ilanka begin agteruit kruip.

Oktober 2008

Die tweeling is 11 maande oud.
Hulle bad vir die eerste keer in die groot bad en sny hul eerste tandjies.
Ilanka begin kruip, trek haarself op teen goed en gee treetjies terwyl sy vashou.
Ankia begin vorentoe beweeg.
Op 26 Oktober word die tweeling in die kerk toegewy.

Ankia links, Ilanka regs

Ankia links, Ilanka regs

Ilanka links, Ankia regs

November 2008

Ankia begin kruip. Sy weeg 6.95kg en Ilanka 7.2kg.
Op 4 November word die tweeling 1 jaar oud.

Isaiah 65:24 I will answer them before they even call to Me. While
They are still talking to me about their needs, I will go ahead and answer their prayers.

Dankie aan elkeen wat saam met ons vertrou het vir die tweeling se lewens. Alle eer aan ons groot God.